# DIE BETEKENIS VAN 'N STREEKSARGIEF VIR DIE VAALDRIEHOEK*

*Prof. F.A. van Jaarsveld*
*Universiteit van Pretoria*


Die Vaalriviertak van die Potchefstroomse Potchefstroom vir CHO wat in samewerking met die Stadsraad van Vanderbijlpark 'n streeksargief vir die Vaaldriehoek beplan, het my 'n eer aangedon om betrokke te wees by die lansering van die belangrike projek.

Dit is my oortuiging dat die Universiteit en die stadsvaders versiende was in hulle onderneming om 'n argief op streeksgrondslag op te rig ter versameling en bewaring van dokumente van allerlei aard en die beskikbaarstelling daarvan aan studente en die publiek. Dit is 'n daad waarvoor, indien dit verwerklik kan word, die nageslag hulle dankbaar sal wees. Vanderbijlpark is 'n hele ent verwyder van die Staatsargiefbewaarplek in die hoofstad en 'n streeksargief kan in die toekoms besonder baie vir die opleiding en navorsing van studente beteken.

Dit is nie my taak om oor die wese van 'n argief of die verskille tussen 'n amptelike staatsargief en 'n plaaslike of streeksargief van private aard uit te wei nie. Dit is reeds deur dr. P. van der Schijff in 'n memorandum uiteengesit. Genoeg om te meld dat enige argief 'n bewaarfunksie het. In die geval van die staatsargief word die byeenbring van dokumente deur die wet gereël, vir 'n private argiefbewaarplek bestaan daar nie so 'n wet nie en word ander eise aan sy argivaris gestel.

Die oprigting van 'n streeksargief vir die Vaaldriehoek sal nie heeltemal nuut in die wêreld van die geskiedenis wees nie. Dit lyk of Suid-Afrikaners al meer bewus begin word van hulle historiese erfenis. 'n Mens dink bv. aan die Instituut vir Eietydse Geskiedenis wat aan die Universiteit van die Oranje-Vrystaat tot stand gekom het en wat vandag 'n onmisbare bewaarplek van dokumente geword het. Dit het die geskiedwetenskap gestimuleer en openbare figure bewus gemaak van die noodsaaklikheid van die bewaring van hulle persoonlike stukke. Sonder daardie argief sou die geskiedwetenskap vandag armer gewees het. Menige dokument wat moontlik nooit in 'n argief sou beland het nie, het deur die wakker optrede van die Instituut vir die nageslag bewaar gebly. Dit het my oortuiging dat talle waardevolle dokumente van openbare figure sedert 1902 onherroeplik vir die wetenskap verlore gegaan het.

'n Mens dink ook aan die Kultuurhistoriese Instituut aan die Universiteit van Pretoria wat oor baie jare heen boeke en dokumente byeengebring het wat ons kultuurbeeld verruim het. 'n Ander goeie voorbeeld is die Geskiedenisprojek van die Randse Afrikaanse Universiteit wat in 1968 tot stand gekom het. Daar is onmiddellik begin om dokumente oor die geskiedenis van die Afrikaners wat na die Rand verhuis het, byeen te bring. Sonder so 'n bewaringsaksie wat waardevolle inligting byeengebring het, sou die boek *Die Afrikaners in die Goudstad 1886-1924*, waarskynlik nie 'n volledige beeld van hulle koms, doen en late kon verstrek het nie. Menigmaal is die versugting geslaak hoe ryk die Projek nie aan materiaal sou gewees het as dit twintig of dertig jaar vroeër tot stand gekom het nie, want baie materiaal wat lig op die vroeë jare kon werp, het vir die nageslag verlore gegaan.




En nou staan die Vaalriviertak en die stadsvaders van Vanderbijlpark op die punt om nog 'n argiefbewaarplek van wal te steek. Dit moet, soos gesê, as 'n versiende daad verwelkom word. Vanderbijlpark en Sasolburg is die jonger stedelike boeties van Vereeniging wat van beskeie gehuggie tot grootdorp gegroei het. Oor sy geskiedenis bestaan daar reeds die studies van H. Stander, *Die ontstaan en ontwikkeling van Vereeniging, 1882-1912* (M.A., Unisa, 1946) en F.O.F. van Aswegen, *Die geskiedenis van Vereeniging, 1912-1939* (M.A., U.P., 1957). Dit eindig pas na die aanbreek van die industriële tydperk. Oor die geskiedenis van Vanderbijlpark en Sasolburg wat sedert die Tweede Wêreldoorlog feitlik onder ons oë tot stede gegroei het, bestaan daar nog geen histories-wetenskaplike studies nie.

Hierdie drie grootdorpe wat die kern van die Vaaldriehoek uitmaak, 'n streeksnaam wat juis deur hulle betekenis en belangrikheid in aansyn geroep is, regverdig 'n streeksargief soos beplan is. Hulle staan nie los van die groot PWV-kompleks nie en Sasolburg hoort eerder by Transvaal as by die Oranje-Vrystaat tuis, wat die vraag laat ontstaan of ons huidige provinsiale grense nog sinvol is. Ons moet dit as onderdeel sien van die industriële hart van Suid-Afrika, die Pretoria-Witwatersrand-Vereeniging-kompleks wat die voet is van die metropolitaanse kruis wat deur die Pretoria-Sasolburg-balk en die Oos- en Wesrand-arm gevorm word. Tog het dit bestaansreg onder die term Vaaldriehoek wat in

* Voordrag op Vanderbijlpark, 14 November 1979, by geleentheid van die loodsing van 'n Streeksargief.



*Munisipale gebouekompleks op Vanderbijlpark waar die streekargief vir die Vaaldriehoek waarskynlik voorlopig gehuisves sal word.*

FOTO: STADSRAAD VAN VANDERBIJLPARK

die volksmond leef, want dit kan as 'n ekonomiese belangegemeenskap omskryf word. Die feit dat die Potchefstroomse Universiteit vir CHO die Vaalriviertak daar geopen het, dui ook op sy belangrikheid en groeimoontlikhede.

Maar om by die groot onderneming van 'n streeksargief uit te kom. Dit sal die belanghebbende instansies loon om by die Bloemfonteinse Instituut en die Randse Projek van leer te gaan oor die aard, omvang, organisasie, inrigting, en die insamelings- en bewaringstegnieke van 'n streeksargief. Ook die staatsargiefbewaarplek sal sy ervaring en kennis tot beskikking van 'n streeksargief stel.

Waarin bestaan die belangrikheid van die beplande streeksargief? Vanderbijlpark en Sasolburg is in vergelyking met industriële streke van ouer vestiging relatief jonk en as 'n argief vir die Vaaldriehoek nou ingerig en tot bewaringsaksie oorgegaan word, kan baie waardevolle stukke oor hulle inisiëring, ontstaan en groei betyds byeengebring word anders as wat dit die geval met byvoorbeeld Johannesburg of Vereeniging was. Baie van die pioniers wat hulle lot vanaf die begin by die gebied ingewerp het, leef nog en hulle mondelinge getuienis wat op band of skrif vasgelê kan word, sal van groot waarde vir die toekomstige navorser wees. Baie dokumente wat in hulle besit of in die besit van sakeondernemings is, kan byeengebring word om 'n beeld te ontwerp van die geskiedenis van die twee industriële dorpe, Vereeniging nie uitgesluit nie.

Die dokumente wat vir bewaring in aanmerking kom, dek 'n wye spektrum van die mens se bedrywigheid in die gebied. 'n Argief sal so breed as moontlik aangelê moet word om soveel moontlik aspekte van die bedrywighede van die inwoners te verteenwoordig. Daartoe sal vele instansies moet meewerk. Hulle sal lojaliteit teenoor die streeksargief moet toon en hom in vertroue neem vir die bewaring van dokumente. Die sukses van so 'n argief sal afhang van die welwillendheid wat teenoor hom geopenbaar word. Hoe wyer publisiteit aan sy doelstelling van bewaring gegee word hoe beter. Sonder die samewerking van belanghebbende instansies en persone sal so 'n argief nie kan bestaan en groei nie.

'n Argief bewaar die rekords van die mens se bedrywighede op feitlik alle terreine van die lewe. Dit bevat trouens die getuienis van hulle bestaan en werksaamhede deur die tyd. Sou hulle lank nie meer daar wees nie, sal die byeengebragte stukke getuienis lewer van hulle doen en late. Dit geld byvoorbeeld hulle ekonomiese en sosiale bedrywighede, die kommunikasiewese, die godsdienstig-kerklike lewe, die opvoeding en onderwys, kulturele lewe, vermaaklikheidslewe, gesondheidsdienste en plaaslike bestuur en administrasie. Dan is daar die industriële aktiwiteite wat die hart van die Vaaldriehoek vorm, die sakelewe, notariële rolle, sensusstatistiek, verkiesingslyste, geboorte- en sterftelyste en bevolkingstatistiek, statistiek met betrekking tot die koms van Blankes en Nie-Blankes na die Vaaldriehoek, hulle vestiging, die rol van eiendomsagente, die groei van die dorpe, hulle uitleg, arbeidsprobleme, werkloosheid, die verhouding van stad tot

platteland, die boeresamelewing in die Vaaldriehoek, en hulle plase, die verkeer, bestuurlike funksies van die stadsrade en die rol van politici wat na die belange van die Vaaldriehoek omsien.

Die politieke lewe is maar een aspek van die wye spektrum van die sosio-ekonomiese bestaanswyse. Die argivaris van so 'n streeksargief sal dossiere moet inrig vir haas elke aspek van die mens se bedrywigheid. 'n Belangrike aanvulling daartoe sal wees die byeenbring van plaaslike koerante en die inrigting van 'n uitknipselstelsel oor sake wat die Vaaldriehoek raak. Die bewaring van plaaslike tydskrifte en koerante, advertensies en politieke vlugskrifte sal van onskatbare waarde vir die toekomstige navôrser wees. Te veel van die vroeë plaaslike koerante in ander industriële dorpe het nie bewaar gebly nie.

'n Streeksargief sal nie in die eerste plek soos die staatsargief politiek van aard wees nie, maar kultureel, sosiaal en ekonomies. Daarin sal die Vaaldriehoek 'n spieël kan vind van die lewe van sy inwoners. Een van die belangrikste afdelings sal vir die dokumente van sake-ondernemings ingerig moet word. Afgesien van die amptelike bedryf wat 'n staatsonderneming is, en wie se dokumente aan die staat behoort, bestaan daar talle sake-ondernemings wat dikwels hulle rekords vernietig. Dit sal die taak van die argivaris van 'n streeksargief wees om die argiewe van private ondernemings te bewaar en vir navorsing tot die beskikking van die nageslag te stel. Ons kennis van die ekonomiese en sakelewe van Suid-Afrika het gely as gevolg van die vernietiging van die argiewe van die private sektor. Vandag is sake-argiewe, in Amerika bekend as "business archives", van die belangrikste bronne van inligting vir 'n studie van die ekonomiese geskiedenis.

Wat die kulturele lewe betref, die bewaring van byvoorbeeld skooljaarblaaie, die stukke van ouerverenigings, skoolkomitees, geloftefeeskomitees, skakelkomitees en kultuurverenigings van watter aard ook al, vroueverenigings, onderwysersverenigings, die werkgemeenskap van die SAA vir Wetenskap en Kuns, om maar enkeles te noem — dit alles kan in so 'n streeksargief byeen gebring en bewaar word. Terwyl baie van die ou pioniers nog leef, kan bandopnames van hulle herinneringe gemaak word, wat lig op die vroeë stedelike geskiedenis van die Vaaldriehoek kan werp. Stukke van die plaaslike Universiteit behoort ook daarin 'n plek te vind. Hoewel die wet plaaslike besture soos stadsrade en munisipaliteite verplig om hulle historiese rekords na die Staatsargiefbewaarplek te stuur, kan 'n ooreenkoms bereik word om dit in bruikleen in die streeksargief te bewaar totdat daar plek in die amptelike argiefbewaarplek sal wees. Ruimte is vandag 'n wesenlike probleem in die staatsargiewe.

Dit is nie my taak om aan 'n toekomstige argivaris voor te skryf wat die aard van sy insamelings- en bewaringstaak sal wees nie. Wil so 'n argief van die lewe van die inwoners van die Vaaldriehoek getuig, sal dit so wyd as moontlik aangelê moet word en die steun van soveel as moontlik van sy inwoners verkry.

Watter nut en betekenis kan so 'n streeksargief vir die industriële gemeenskap van die Vaaldriehoek hê? In die eerste plek moet aan die toekoms gedink word. Sou rekords van hulle bedrywighede nie betyds bewaar word nie, sal veel van hulle geskiedenis in die niet verdwyn. Tweedens sal so 'n argief deur die publiek benut kan word. Die taak van 'n argief is nie net om rekords te bewaar nie, maar ook om dit tot die beskikking van die publiek te stel van wie so 'n streeksargief afhanklik is. Joernaliste, skrywers en studente wat meer van die Vaaldriehoek wil weet, sal daaruit inligting kan put. Maar veral sal dit waarde hê vir die plaaslike Universiteit. Van studente word verwag om navorsing te doen. As hulle gelei word om in plaaslike geskiedenis belang te stel, sal so 'n streeksargief van onskatbare waarde vir toekomstige studente word. Hulle kan gelei word om sosiaal-ekonomiese temas te bestudeer en in hierdie veld van ondersoek wat in Suid-Afrika erg verwaarloos is, sal menigeen materiaal vir magister- en doktorale dissertasies vind. In plaas daarvan om slegs elders te gaan navors, sal 'n groot deel van hulle navorsing plaaslik verrig kan word.

Dit moet onthou word dat ons by 'n kruispad in ons geskiedwetenskap gekom het. Die Suid-Afrikaanse geskiedenis kan vandag reeds ingedeel word in 'n voor-industriële of agrariese fase en in 'n industriële tydperk. In die voor-industriële fase het die belangstelling uitgegaan na die staat en politiek. Baie jare lank het dit die middelpunt van navorsing gevorm. Dit was die politici wat leiding en rigting aan die samelewing gegee het. Die vereniging van die onderdele van die Republiek was byvoorbeeld die gevolg van die bedrywighede van die politici. Geen wonder dat die aandag rondom die staat gesentreer het en dat die historici 'n beeld ontwerp het van die politieke en staatkundige geskiedenis van Suid-Afrika nie. Dit is uit die aard van die saak verstaanbaar want die politiek en staat het gestalte gegee aan die historiese gebeurtenisse.

Die groot wending in die geskiedenis het hom reeds na 1924 aangekondig toe dit die bewuste beleid van genl. Hertzog was om die Unie in 'n industriële staat te omskep wat in alle opsigte selfversorgend kon wees en minder afhanklik van Brittanje. Daardeur sou ook werkgeleentheid geskep kon word vir sowel die armblankes as armswartes. Wat Hertzog nie vooruitgesien het nie, is dat die industrialisering van Suid-Afrika tot 'n demografiese omwenteling sou lei wat die platteland sou stroop van sy belangrikheid, veral in die politiek, en wat die stedelike gemeenskap tot bepalende faktor in sy geskiedenis sou laat word.

Met en vanaf die Tweede Wêreldoorlog het die ekonomie en die staat 'n strukturele verandering ondergaan wat die stede tot die oorheersende faktor in die politiek, kultuur en ekonomie laat word het. Sedert 1953 reeds kan ons van stedelike oorheersing praat. Die industrialisering van Suid-Afrika en die opkoms van dorpe en stede was die belangrikste enkele faktor wat sy geskiedenis 'n vormverandering laat ondergaan het. Daarby het die aangesig van Suid-Afrika totaal verander. Opeenhoping van mense by dorpe en stede het plaasgevind. Die belangrikste industriële gebied het in Suid-Transvaal ontstaan. Die PWV-gebied kan die "Ruhr" van Suid-Afrika genoem word en daarvan is die Vaaldriehoek 'n belangrike onderdeel.

Met die verindustrialisering van Suid-Afrika, en dit raak die industriële fase van sy geskiedenis, het daar 'n klemverskuiwing in sy historiese belangstelling gekom. Nie meer die politiek is die belangrikste faset van die staatkundige lewe nie, maar die sosiaal-ekonomiese. Dit sal noodwendig meebring dat dosente en studente, om inligting oor die samelewing te bekom, hulle sal inwerk in hierdie tematiek. 'n Mens sal van die sosio-ekonomiese lewe as samelewingsgeskiedenis kan praat. Dit geld nie net dorpe en stede nie, maar ook streke. Een van die eerste take van toekomstige navorsers sal die streek of gebied raak waarin hulle hul bevind.

Naas die wending van die historiese bedryf van die politiek na die ondersoek en beskrywing van sosiaal-ekonomiese feite, het daar ook 'n wending ten gunste



*Die Vaaldriehoek word gekenmerk deur snelle nywerheidsgroei; 'n voorbeeld hiervan is dié aanleg by Sasolburg.*

FOTO: INLIGTINGSDIENS VAN SUID-AFRIKA

van plaaslike geskiedenis gekom. Dit geld die hele Westerse historiografie. Tans word daar besef nie net die nasionale geskiedenis van 'n land is van belang nie, maar ook streeks- of plaaslike geskiedenis, waaruit die nasionale geskiedenis opgebou word. Mense in streke en dorpe wil graag meer weet van hulle samelewing, hoe dit ontstaan het, wat gelei het tot die ekonomiese bedrywighede wat vir hulle koms na die gebied verantwoordelik was. Dit is 'n behoefte van die menslike hart en 'n bevrediging van sy nuuskierigheidsdrang. 'n Argief wat tot 'n bewaringsaksie oorgaan en dokumente tot beskikking stel, kan as 'n geweldige stimulant dien om plaaslike en streeksgeskiedenis te bevorder.

As so 'n argief van die begin af reg aangelê word, kan dit in die behoefte aan temas in die veld van plaaslike en sosiaal-ekonomiese geskiedenis voorsien. Dit is uit die aard van die saak logies dat die inwoners van Vanderbijlpark, Vereeniging of Sasolburg 'n boek oor hulle ontstaansgeskiedenis en groei met trots sal hanteer. Aangesien die geskiedenis van Vereeniging nog nie verder as 1939 nagevors is nie, lê daar 'n groot uitdaging aan toekomstige navorsers uit die Vaaldriehoek voor om sy groei in die industriële fase na te vors en te boek te stel. 'n Streeksargief kan ruim daartoe bydra, mits munisipaliteite, sakelui en ander instansies bereid is om tot die uitbouing van 'n streeksargief by te dra.

Dit sal een van die eerste take van die plaaslike Universiteit wees om sy studente in die geskiedenis en van ander aangrensende vakke, die taak op te dra om verskillende fasette van die geskiedenis van die Vaaldriehoek te boek te stel. Tussen die universiteit en die samelewing bestaan daar 'n noue verband en die oprigting van 'n streeksargief is juis die uitvloeisel van daardie verband. Dit vereis die ondersteuning en die lojaliteit van die samelewing van die Vaaldriehoek in sy geheel.

Uit so 'n argief kan studente kennis put oor byvoorbeeld die geskiedenis van die yster- en staalbedryf wat Vanderbijlpark in die lewe geroep het, die geskiedenis van die vervaardiging van olie uit steenkool en die belangrikheid daarvan vir Suid-Afrika. Hulle kan die geskiedenis van sakeondernemings en van entrepreneurs te boek stel. 'n Studie kan gemaak word van die koms en vestiging van die Swart bevolking in die Vaaldriehoek, die herkoms en trek van die Blanke inwoners na die gebied en hulle lewensomstandighede. Verder kan dit handel oor inkomste, lewenskoste en pryse, markte, vervoer, verkeer, dienslewering, kerk, skool, kulturele bedrywighede en menseverhoudinge. Temas oor verstedeliking bly belangrik, nie net die ontvolking van die platteland en die verskuiwing van die bevolking na die Vaaldriehoek nie, maar ook die geskiedenis van die dorpe self of aspekte daaruit. Persoonlikhede, direkteurs en munisipale geskiedenis sal belangrike temas vir studie bied.

Ten slotte moet onthou word dat so 'n argief die resultaat sal wees van interdissiplinêre samewerking. Dit sal nie net die historikus wees wat by 'n streeksargief baat vind nie, maar ook die sosioloog, die ekonoom en die politieke wetenskaplike. Ander dissiplines wat in noue verband met die geskiedenis staan, sal medewerking aan hierdie onderneming moet verleen. Gesamentlik sal hulle hom moet uitbou tot een van die belangrikste en onmisbaarste inrigtings in die land.

Mag die onderneming van die streeksargief nie net met entoesiasme van wal gesteek word nie, maar mag sy bestaan homself bewys en regverdig en tot nut strek van die toekomstige samelewing van die Vaaldriehoek. ■